# Beurse en Lenings met Betrekking tot Diskriminerende Kriteria



forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

Implementeringsdatum: 7/1/2011

# Beurse en Lenings met Betrekking tot Diskriminerende Kriteria

| | |
|---|---|
| **Dokument Tipe:** | Beleid |
| **Goedkeuring:** | Raad |
| **Goedkeuringsdatum:** | 6/20/2011 |
| **Implementeringsdatum:** | 7/1/2011 |
| **Hersieningsdatum / Hersieningsfrekwensie:** | Elke vyf jaar |
| **Vorige weergawes:** | None |
| **Eienaar[1]:** | Viserektor: Leer en Onderrig |
| **Kurator[2]:** | Hoof: Beurse en Lenings |
| **Sleutelwoorde:** | Bursaries, Loans, Discriminatory Criteria, Discrimination |
| **Geldigheid:** | In geval van verskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie reglement as die geldende weergawe aanvaar en die Afrikaanse weergawe as die vertaling. |

[1] Eienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikheidsentrum(s) waarin die reglement funksioneer.
[2] Kurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die inbedryfstelling en handhawing van die beleid.

**BELEID OOR BEURSE EN LENINGS MBT DISKRIMINERENDE KRITERIA**

1. Hierdie beleid sal met ingang van Julie 2011 in werking tree en is opgestel om te verseker dat beurse, lenings en toelaes ooreenkomstig die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996, en gepaardgaande wetgewing toegeken en bestuur word.

2. Met dié doel word die volgende riglyne aanvaar:

- Die Universiteit sal nie verbind word met óf die bestuur behartig van enige beurs- of leningskema wat op die gronde in artikel 9(3) en (4) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996 – soos verder uiteengesit in die bepalings van die Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie, Wet 4 van 2000, en artikel 37(3) van die Wet op Hoër Onderwys, Wet 101 van 1997 – onbillik teen individue diskrimineer nie.
- Die Universiteit is verbind tot maatreëls om die ongelykhede wat spruit uit diskriminasie in die verlede reg te stel met behulp van finansiële bystand dmv beurse en lenings aan persone teen wie daar voorheen op grond van ras gediskrimineer is.
- Beurs- en leningskemas wat die voortgesette onderrig van vroue, navolgers van ŉ godsdienstige geloof, en lede van kultuur- en taalgroepe bevorder, is aanvaarbaar in soverre die aanwending daarvan nie met enige regstreekse of onregstreekse diskriminasie op grond van ras gepaardgaan nie.

3. Voorstelle vir beurs- en leningskemas is onderworpe aan beoordeling deur die Universiteit ten einde te verseker dat die bepalings daarvan voldoen aan die grondwetlike en statutêre raamwerk met betrekking tot gelykheid en die reg om nie teen gediskrimineer te word nie, soos wat die howe dit van tyd tot tyd vertolk.

4. Bestaande beurs- en leningskemas sal van tyd tot tyd beoordeel word om te verseker dat dit voldoen aan die grondwetlike en statutêre raamwerk met betrekking tot gelykheid en die reg om nie teen gediskrimineer te word nie, soos wat die howe dit van tyd tot tyd vertolk.

Deur Raad goedgekeur 20 Junie 2011.